



Die graad 7's waai koebaai

Dis onmoontlik om sewe jaar se laerskoolherinneringe op te som, maar **Isabella Verwey** het 'n paar graad 7's gevra wat hulle die meeste van Louwtjies gaan mis en wat hul snaaksste laerskool-oomblik was.



“Ek sal altyd die Louwtjie-gees langs die sportveld onthou en ons graad 7 Wiskunde-onnie, juf. Penny. Haar passie in

die klas is aansteeklik. My snaaksste herinnering, is van toe ons in Afrikaans almal op dieselfde tyd 'per ongeluk' ons penne laat val het en iemand 'flou' geval het.” – **Adri Wolff**



“Ek gaan die spesiale bankie waarop ek en my maats pouses gespeel het die meeste mis, asook die toere en die rustige onderwysers.

Die snaaksste was toe iemand tydens 'n LLEGO periode 'n onnie met 'n nartjie raakgegooi het. Hy wou die nartjie op die tafel gooi, maar was sterker as wat hy besef het, en toe gooi hy vir Juffrou raak.”

– **Lara van Tonder**



“Ek sal die vriendelike onderwysers mis wat mens help as jy sukkel met werk. Ek sal

ook die buitemurse aktiwiteite mis en die waterkaskenades. Die snaaksste ding wat in die laerskool gebeur het, was toe ek glad nie vir 'n toets geleer het nie en nogsteeds 100% gekry het.” – **Ruben Krisch**



“Wat ek altyd van Louwtjies sal onthou en mis, is die netbalspan. Die meeste van die meisies gaan na verskillende skole en kies hokkie as hulle hoofsport. Tydens KDA het ek een dag so vinnig gehardloop om seker te maak ek is nie uit nie, dat ek soos 'n cartoon-karakter op een van die seuns geland het.”

– **Ingemari Griffioen**



“My gunsteling deel van laerskool is verseker my vriende en die sport. Ek gaan my vriende mis, want ons gaan almal na verskillende hoërskole toe. My snaaksste oomblik was toe iemand getrip het oor 'n asblik – hulle het darem nie te seer gekry nie.”

– **Reder van Tonder**



“Ek gaan mnr. Dillan 'the mad villian' mis en my krieket- en rugbyspanne. My snaaksste herinnering is van die keer toe ons vir juf. Tina gevra het om musiek te speel. Sy speel toe 'n Indiese Kersfeesliedjie.”

– **Adriaan Reyneke**



“Ek gaan my vriende mis wat in jonger grade is of na ander skole toe gaan. Die snoepie – want die kos is *bass* en die pryse is fantasties. Die juffrouens se drukkie; en laastens gaan ek die netbalspan mis – ons het vir mekaar geluister en mekaar ondersteun. Een van my snaaksste herinneringe, is van toe ons op toer gegaan het en stokbrood gemaak het... en ALMAL se stokbrood gebrand het.” – **Tshogo Mogano**



“Die beste deel van Louwtjies is my vriende – ek gaan hulle die heel meeste mis. Ook Breek-'n-Reël Dag. Almal het verskillend aangetrek, almal was bietjie stouter as gewoonlik en mnr. Bensch het anderpad gekyk. Die snaaksste oomblik was toe ons sokker gespeel het en die bal per ongeluk 'n meisie met 'n headshot getref het.” – **Lian Grobler**

Redaksie 2025

Gesende
Kersfees!



Romé Pretorius, graad 7
2deja

Lize Gerber, graad 7
2deja

Sunette Jansen van Rensburg, graad 7
2deja

Wehlia Acland, graad 7
2deja

Andreas Goetze, graad 7
2deja

Ruurd Baath, graad 7
2deja

Noah Kriel, graad 5
2deja

Anya Pretorius, graad 6
2deja

Isabella Verwey, graad 5
2deja

Knout van der Merwe, graad 5
2deja

Quwen du Ploof, graad 5
2deja

Amelia Vis, graad 5
2deja

Redaksieboodskap

Kan julle glo dis al weer amper-amper Kersfees?

Die seniors skuif al voor hulle boeke reg vir die eksamen en baie van ons voel sommer al die seesand onder ons voete, so opgewonde is ons oor die einde van die jaar wat om die draai is. Maar dit beteken nie die skooljaar was nie ook baie lekker nie! Om die waarheid te sê is van ons heel beste herinneringe hier, agter die skoolbanke, op die sportveld en op die verhoog, gemaak.

By Louwtjies is daar in 2025 hard gewerk, geleer en sommer ook baie gespeel. Daar is deelgeneem aan alles van karate tot klavier-kunswedstryd, van skoolsport tot spelkompetisies en aan fietsry en viool. Daar is take gedoen oor wêreldleiers, musiekinstrumente

gemaak vir NW en brûe gebou.

Die Louwtjie-redaksie hoop elke skoolkind, ouer, onderwyser en ander personeellid, sal heerlik rus die vakansie. Aan ons redaksie - julle is superster-joernaliste wat elke uitdaging met woema aanpak en vir niemand of niks hoef terug te staan nie! Sterkte met die eksamen & geseënde Kersfees.



Van Die Louwtjie-redaksiebestuur,



Riëtte van der Wat
Rosanne Ford &
Monya Pretorius

Baie
dankie!

Die einde van die jaar beteken baie keer dat 'n mens totsiens moet sê. Hierdie jaar groet ek met 'n swaar hart die graad 7-redaksieleden: **Lize** en **Romé**, wat al van die eerste uitgawe deel was van die span en absolute staatmakers is; die kreatiewe en hardwerkende **Sunette**, **Ruurd** en **Andreas**, wat al twee jaar 'n onmisbare deel is van die span en ook die entoesiastiese **Wehlia**, wat vir die laaste uitgawe by ons aangesluit het. Dankie vir elke woord, illustrasie, saam planne maak en lag. Julle gaan almal nog baie ver kom, ek weet dit sommer.
xx (Tannie) Riëtte xx

Speel en maats maak skoolgaan pret

Wat was die lekkerste deel van junior-Louwtjies se jaar en wat sal hulle altyd van die jaar onthou, het Anya Pretorius en Amelia Uys vir maats in graad R, 1, 2 en 3 gevra.



"Die lekkerste is om saam met my maatjies te speel." – **Katheryn Kruger, graad R**



"Om op die klimrame te klim en klouter." – **Franco Raubenheimer en Luke Jackson, graad R**



"Die beste is om my beste maatjie altyd by my te hê."

– **Alice van Deventer, graad 1**



"Die lekkerste is om rugby te speel."

– **Ruan Strauss, graad 1**



"Die beste deel van die jaar was om 'n baie goeie klas en juffrou te hê." – **Thalia Rass, graad 2**



"Dit was vir my lekker om op uitstappies te gaan. My gunsteling uitstappie hierdie jaar was toe ons na Wag-n-bietjie plaas toe gegaan het. Ons kon op 'n trok ry en op 'n donkie. Ek het ook baie daarvan gehou om saam met my maats sport te speel, soos krieket. Ek gaan nooit vergeet dat ek 'n baie oulike juffrou gehad het nie." – **Liam van der Nest, graad 2**

"Graad 3 is baie lekker, veral omdat ons nou pouses op die veld mag speel. En Entrepreneursdag en die waterkaskenades was ook 'n hoogtepunt die jaar!"

– **Kruger Wiggert**



"Entrepreneursdag was vir my baie lekker."

– **Hanna-Sophia Reynecke, graad 3**



Jellievisse swem uit Niah se kreatiewe pen

Lize Gerber

"Ek moes altyd 'n potlood en papier voor my gehad het toe ek jonger was. Ek teken al vandat ek drie is," sê die kunssinnige Niah Steyn, in graad 7.

Sy het hierdie jaar 90.5% behaal met haar tekening by Kollig Kuns.

Dit beteken nie Niah was sommer net nog altyd goed met teken nie. Sy glo sy het haar kunstalent ontwikkel deur so baie te oefen.

"Toe ek jonger was het ek eienaardige stokmannetjies geteken, maar ek het altyd gedink dit was cool," sê sy.

Louwtjies se kunsjuffrou, Rosanne Ford, sê Niah is ongelooflike kunstig.

Sy sien altyd uit om te sien wat Niah gaan teken wanneer sy iets maak: "Sy het 'n natuurlike talent vir kuns."

Niah se gunsteling kunstenaars is Salvador Dali en Van Gogh. Sy is mal oor hulle kunswerke, omdat dit baie kleurvol is en dit lyk asof al die kleure saamsmelt. Haar eie kunswerke is net so kleurvol soos haar persoonlikheid.



Niah is mal daaroor om jellievisse te teken daarom het sy al sewe boeke vol sketse – die meeste van die blaie vol jellievisse.





Ek kry my inspirasie van musiek wat ek luister, dinge wat ek ervaar en deur my emosies," sê sy.

Om te teken is nie Niah se enigste stokperdjie nie. Sy is ook mal daarvoor om koor te sing, klavier te speel en om fiets te ry (al is sy nie die beste met fietsry nie).

Al is Niah lief vir koorsing, wil sy nie alleen voor ander mense sing nie.

"Ek sal dit nooit doen nie, ek is heeltemal te skaam. Gelukkig sing ek in die koor saam met baie mense, so niemand fokus net op my nie."

Sy kan ook lekker laf wees. "Iets ongewoon wat ek kan doen, is om met my tong aan my neus te raak en my oë te laat vibreer!"



Onthou genoeg kleingeld

Noag Kriel

Die graad 7-entrepreneursdag sorg elke September al weke voor die tyd dat skoolkinders hulle geld begin tel.

Hierdie jaar was Entrepreneursdag ekstra opwindend, omdat dit sommer saam met die skool se waterkaskenades op Lentedag aangebied is. Leerlinge moes die vaardighede gebruik wat hulle leer in die vak EBW (Ekonomiese en bestuurswetenskappe) om stalletjies te beplan en te beman. Die dag het gesorg vir groot gees en als van China-mall treffers tot handgemaakte produkte, heerlike kos en kleurvolle drankies om te koop. Sommige stalletjies, het speletjies aangebied.

Juf. Betsie Dietrechsens, die EBW-onderwyser, vertel meer:

Watter stalletjies was die gewildste?

"Speletjies en lekkernye. Eers speel die kinders, maar later soek hulle ietsie soet om te eet."

Het dit goed gewerk saam met die Lentedag-aktiwiteite?

"Ja, beslis! Hierdie keer kon almal ná die stalletjies dadelik die waterkaskenades geniet, wat beter gewerk het as vorige jare."

Is genoeg bemarking gedoen?

"Al het bemarking 'n rol gespeel, was die fokus meer op die taak self."



Kan ouers meer betrokke wees?

"Ouers mag bietjie by die huis help, maar dis eintlik 'n projek vir die leerders om self te ervaar hoe dit is om entrepreneurs te wees."



Wat sê die graad 7's?

Daniël Steyn sê die grootste uitdaging was om as span saam te werk en saam te stem.

Oor wat hulle anders kon doen, sê **Amea de Wet**: "Ek sou verkooppryse laer gemaak het."

Daniël se top-wenk vir volgende jaar se graad 7's is om vooraf baie kleingeld gereed te hê.

Kyk na die foto's op bl. 15.

Mini Guns blaas 'n jong klank in rock 'n roll

'n Groep graad 7 Louwtjies het nie op hulle laat wag om hulle musiekdrome te laat waar word nie, skryf Sunette Janse van Rensburg.

Die klanke van kitare en dromme was in die derde kwartaal in Linden in die lug. Dit is alles te danke aan die Mini Guns, een van die *bands* wat hierdie kwartaal (letterlik) in die kollig was.

Die groep, wat almal uit Louwtjie-leerders bestaan, het aan die Kollig-kompetisie deelgeneem met die liedjie "Sweet Child 'O Mine" van Guns and Roses. Die ander liedjie op hul speellys is "I Love Rock and Roll" van Joan Jett and the Black Hearts.

Hulle het 'n punt van 90,5% gekry en beslis die "Rock" in Rock 'n Roll gesit.



Francois Engelbrecht: Baskitaar

Francois het net twee maande gehad om te leer baskitaar speel voor die Mini Guns se eerste optrede. "My vriende het my gevra of ek in die *band* wil wees en toe sê ek ja. Die beste ding oor Mini Guns is dat ek 'n nuwe instrument kon leer speel en dat ek lekker met my vriende kon kuier," sê Francois.



Joan Gauld: Elektriese kitaar

"My gunsteling kleure is blou en pers," sê die enigste meisie wat deel is van Mini Guns. "Ek hou baie van perdry en ek speel ook graag krieket."

Sy geniet die *band*-oefeninge die meeste, omdat hulle saam musiek kan maak en elke keer beter raak.



Leer die lede van hierdie groep, wat almal in graad 7 is, beter ken:

Andreas Coetzee: Hoofsanger

"My gunsteling deel daarvan om in die *band* te speel is om die mooi klanke te hoor wat die instrumente saam maak," sê Andreas. Hy sê die afrigters (Bevan Gauld, 'n kitaarafrigter en Rudolph Raath, Ruard se pa) is baie oulik en het hulle baie gehelp. Hy is baie lief vir musiek. Sy gunsteling musiekgroep (op die oomblik) is The Ink Spots.



Keanen Lottering: Tromspeler

Keanen speel al vir vyf jaar lank tromme. "Ek hou baie daarvan om geraas te maak. Tromme is die perfekte instrument daarvoor en ek geniet elke oomblik daarvan," sê hy. Vir hom is die lekkerste deel van die *band* hoe ver hulle al gevorder het met hulle musiek en dat hulle mekaar beter leer ken het.

Ruud Raath: Elektriese kitaar en sang

Ruud hou daarvan dat hulle almal vriende is en geniet die pizza wat hulle eet as hulle 'n breek vat. Hy sing saam met Andreas 'n duet (die twee is ook 'n goeie spotprentspan vir *Die Louwtjie!*). "Ek het al 200km met 'n fiets deur Nederland gery en my gunsteling poeding is warm sjokolade met room."



Op 'n hoë noot: Die lewe van 'n koorkind

Isabella Verwey

Om te hoor hoe Louwtjies se seniorkoor die liedjie "Story of my life" uit die Shrek Junior-musiek-blyspel sing, is nogal 'n belewenis. As 'n mens jou ore spits, tree Louwtjies se junior- en seniorkore by kompetisies, koorfeeste en die skool se sopaand op.

Die seniorkoor het vanjaar 91.3% by die Kollig-kunsteftes behaal.

Die seniorkoor het ook 'n algehele tweede plek by die Superreeks-koorkompetisie losgesing en die juniorkoor het 'n vierde plek in hul afdeling behaal.

Moenie dink om deel te wees van die koor is net 'n klomp kinders wat saam staan en sing nie. Dit verg ure se oefen,



geduld en saamwerk om die eindprodukt so mooi te laat klink. Vroeg in die jaar het ons koorkamp gehou by die Wag-'n-bietjie-kampeertreë in Pretoria. Hier het ons nuwe liedjies geleer en mekaar beter leer ken met spanbou-aktiwiteite.

By die weeklikse koor-oefening skaaf ons aan ons klank en maak ons seker wanneer om in te val, harder of sagter te sing, en om daai hoë note te tref, sodat ons gereed is vir die koorfeeste en kompetisies waar ons optree.

Dit is baie lekker om by verskillende plekke op te tree, want so sien mens bietjie van die stad en jy hoor ander kore sing. Van die koorfeeste waaraan ons deelgeneem het, is die Weltevreden-koorfees in Julie en die De La Salle Holy Cross College se koorfees in Augustus. Die lekkerste deel van koorfeeste is die massakoor - dan sing al die kore dieselfde liedjie saam.



Liedjies

Seniorkoor

The turn off your phone song; Down by the river to pray en Story of my life, Shrek The Musical Junior

Juniorkoor

I'm gonna sing; The papaya song en I've got the son in the morning

Ons kooraftriger, **Linelle Engelbrecht**, sê sy is baie lief vir musiek en wil net sing: "Koormusiek is so wonderlike genre, waar mens saam musiek kan maak en sosiaal kan verkeer. Musiek bly gee en voed jou siel."
"Life without music would B b."

Hierdie jaar het ons "Laduma" gesing. Dit beteken in Zoeloe "daar was donderweer".

Die koorjaar is letterlik op 'n hoë noot afgesluit, met 'n heerlike familiekuier in Oktober.



Maddie Botha in graad 4 sê: "Ek sing al koor van graad 1 af en ek geniet dit om saam met my maatjies te sing. Koor verbeter my stem en is 'n plek om maats te maak."

Lucas Geyer in graad 4 sê: "Jy kan baie nuwe maats maak en juf. Linelle sing baie mooi."

Uit die sangvoëls se bek

Anita Nyathikazi in graad 6 sê: "Ek sing al van graad 3 af koor en is mal daaroor, want ek het nuwe sangtegnieke geleer."

Juan Basson in graad 5, is al drie jaar 'n koorlid. "Ek sing koor, want ek voel dit is hoe ek my talent gebruik. Ek hou daarvan om nuwe liedjies te leer."

Mia van der Merwe in graad 5 sê: "Ek sing al van graad 1 af. Koor help om my stem te ontwikkel."

"Dit leer jou spanwerk en selfvertroue. Almal moet saam oefen, so dis moeilik as van die koorlede nie daar is nie weens sport. Juffrou maak dit altyd pret."



PRET


Niks om te doen nie? Kleur hierdie prent in en droom van die vakansie!




Vakansie!



WOORDSOEK



- vakansie
- Kollig
- Desember
- koor
- Mini Guns
- entrepreneur
- Kersfees
- redaksie
- EBW
- vriende
- prysuitdeling
- koerant



Spotprente!

Kuns deur Andreas Coetzee

Konsepte deur Andreas Coetzee en Ruard Raath



Advertensie

**NUWE WINKEL
IN DIE DORP**

QUIRIOUS
DESIGN DRIVEN HOMEWARE

ONTDEK WAT ONS WINKEL VIR JOU HET!

AFSLAG BESKIKBAAR IN ONS WINKEL!!

 [quirious_za](https://www.instagram.com/quirious_za)

 **Quirious**
Shop 18
Linden Place
59 4th Ave
Linden

 WWW.QUIRIOUS.CO.ZA

ONS IS OOP!!

SNAP MY EN SIEN!

Grappies

Quwen du Plooy

#1

Vraag: Wat noem mens 'n pakkie Astro's wat in die ruimte rondhang?

Antwoord: Astro-nauts



ha ha ha

#2



Vraag: Wat het die vissie op sy skool-

rapport gekry?

Antwoord: 'n Klomp aas en 'n see.



#3


Vraag: Wat het die ysblokkie vir die vuurtjie gesê?

Antwoord: "Ag, jy laat sommer my hart smelt!"

#4

Vraag: "Wat het die soetkoekie vir die suurlemoen gesê?"

Antwoord: "Moenie so suur wees nie, man!"



#5

Vraag: Wat noem mens 'n braaivleisvuur wat te hard werk?


Antwoord: Uitgebrand.

#6

Vraag: Wat het die twee eiers vir mekaar gesê?

Antwoord:

"Pasop! Hulle wil ons roer!"



#7



Vraag: Wat is 'n Sweet Chilli-Twister se gunsteling tipe musiek?

Antwoord: Wrap.


Klaskenades

Deur Sunette Janse van Rensburg

1



2



3



Die Louwtjie-gedigtekompetiesie

In hierdie geweste dig Louwtjies die beste

Vir Die Louwtjie se heel eerste skryfkompetisie het ons leerders uitgedaag om 'n gedig van vier reëltjies (sinne) te skryf oor die tema, 'My skool'. Die juniorafdelings het stof in die seniors se oë geskop met die aantal inskrywings. Dit is moeiliker as wat 'n mens dink om so kort gedig te skryf en ons is somer baie trots op die wonderlike skryftalent by Louwtjies! Lekker lees aan die weners se skrywerk en ander uitstaan-gedigges in elke afdeling.

Graad R & 1



My skool - Pascal Pieterse, graad R

My skool het 'n groot veld waar ek op my vinnigste kan hardloop, bal skop en drieë druk.
Ek kry partykeer 'n prys en hang dit in my kamer waar ek heeltyd daarna kan kyk.



Graad 2 & 3



Graad 2 Wiskunde

Margaux Conradie, graad 2

Ons sit in die Wiskundeklas en werk.
Ons sit en Wiskunde doen in die Wiskundeklas...
Aaa! Die krokodilsom jaag my!

Louwtjies, uitstaan outjies - Grethe Oberholzer, graad 3

Ons Louwtjies is voor in die koor,
Van tennis tot algemene kennis.
By hierdie skool is daar plek vir jou en my,
Wie kan daarmee stry?



My skool - Lilja Raath, graad 2

Vlieg soos 'n goue voël
My skool het baie pret
Van rugby tot ballet.



Louwtjies bo! - Annabel van der Nest, graad 2

Die rugbyveld is groot en groen
Ons skoolklere is maroen
Leer is vet pret
Wanneer jy sulke oulike juffrouens het!

Graad 6 & 7

Graad 4 & 5



Eksamen deur Gideon Conradie, graad 4

Goed volg op mekaar soos twee op een en B op A,
Breek op werk en vakansie op eksamen...
Nee! Hoekom sit ons nog hier by die skool?



My skool - Lente Raath, graad 4


My skool is slim en goed, en altyd vol van moed.
My skool is vet pret, niemand is ooit 'n slegte vent.
Ons sing, dans en lag, elke liewe dag
Hier raak ons nooit benoud, en ons sport gaan altyd vir goud.



Borge & pryse



Die weners in elke afdeling ontvang 'n geskenkbewys vir 'n draairoomys van Njam! Eatery in Linden en boekpryse van Lapa-uitgewers. Baie dankie Lapa en Njam!



In die afdeling vir graad 6 en 7 het ons slegs een inskrywing ontvang (waar kruip julle weg seniors?). Al is hierdie gedig langer as wat die reëls bepaal het, het die redaksie besluit om Wehla se oulike gedig tog in aanmerking te laat kom vir die kompetisie.

Louwtjies druk toekoms se 'Enter'-knoppie

Dis deesdae ekstra lekker om 'n rekenaarperiode te hê by die skool se moderne nuwe Sentrum vir Rekenaars en Robotika, skryf Noag Kriel.

Die Laerskool Louw Geldenhuys het vroeër die jaar 'n groot deposito in Louwtjies se toekomsrekeninge gemaak, deur die splinternuwe Sentrum vir Rekenaars en Robotika te open.

Die sentrum, wat kinders dalk beter as die rekenaarklas sal ken, is opgeknep en in Augustus heropen.

Dit voel nou nie meer soos 'n gewone ou klaskamer nie, maar soos 'n regte rekenaarlaboratorium.



1, 2, digitaal slim



Volgens die skoolhoof, mnr. Martin Bensch, leef ons in 'n wêreld waar alles wat ons doen en waarmee ons werk, afhanklik is van tegnologie.

"Die rekenaarwetenskap gee mens basiese kennis van die ontwikkeling wat in die wêreld gebeur," sê hy oor hoekom dit goed is dat kinders al op laerskool van rekenaars en kodering te leer.

"Die nuwe sentrum hou baie voordele vir skoolkinders in, sê hy.

Wat's nuut?

- Die mure is kleurvol versier met vrek oulike prente van rekenaars en robotte. Dit lyk asof ons by Google se kantore klas kry.
- Die nuwe rekenaarskerms is modern en die sleutelborde en muise werk seepglad.
- Daar is 'n splinternuwe bediener (server) wat die rekenaar- en internet-stelsel beter en vinniger laat werk.
- Nuwe energiebesparende gloeilampe help om die omgewing te bewaar.

"Dit help kinders om uit te vind waarvan hulle hou en maak hulle digitaal geletterd. Programmering en robotika leer kinders om komplekse probleme in kleiner, maklike stappe op te breek. Hierdie manier van dink behels om algoritmes te skep, foute op te spoor en sistematies te dink. Dit is ook van toepassing op vakke soos Wiskunde, Wetenskap en selfs gewone besluite elke dag."

'Update loading'



Wat gebeur as die tegnologie in ons sentrum verouder?

"Tegnologie ontwikkel in die algemeen op 'n daaglikse basis, maar gelukkig is Louwtjies se nuwe hardwarestelsel splinternuut," sê mnr. Bensch.

"Die sagteware wat ons gebruik kan maklik opgegradeer word wanneer dit nodig is."

Goed, beter, beste'

Die rekenaar-onderwyser, mnr. **Jaco de Kock**, het bietjie met ons gesels:

Wat is die doel van die bediener?

"Die nuwe server help ons om 35 lisensies vir 35 rekenaars te koop, betaal ons nou net vir die sagteware op een rekenaar. Dit maak alles goedkoper en makliker om te bestuur."

Watter opgraderings was die nodigste?

"Eintlik was alles nodig! Alles moes



opgegradeer word om die sentrum weer modern en funksioneel te maak."



Het julle al enige probleme met die nuwe netwerk ervaar?

"Ja, ons het 'n klein probleem gehad met Purple Mash – daar was 'n kuber-gogga wat so bietjie vertraging veroorsaak wanneer almal saamspeel. Maar ons is besig om dit uit te sorteer, en dit raak al hoe beter."

Raa(th) van 'n maat (en ChatGTP)

Ai, AI... wen blikbreine of jou eie breinkrag?

Ruard Raath

ChatGPT, Alexa, Siri en Grok is name wat die meeste van ons deesdae so goed soos ons vriende s'n ken. En ons almal weet hoe lekker dit voel as meneer Chat sommer in minder as 'n minuut jou Engelse praatjie skryf (en dan laat hy jou nog boonop slim klink ook!). Maar is AI (artificial intelligence/ kunsmatige intelligensie) regtig jou vriend of is dié 'geniale' robotte besig om ons breinkrag te steel? Ek het besluit om hierdie vraag sommer vir Chat GPT self te vra. Die antwoord was 'n verrassende 'ja' en 'nee'.

“Onthou, jy is die ridder op die binêre perd wat die AI-draak moet tem. ”

JA! Ek is jou vriend

- 'n Klatsbot soos ChapGPT kan jou altyd onmiddellik help wanneer jou ouers dalk besig is.
- ChatGPT is altyd geduldig, selfs al vra jy dieselfde vraag twee keer.
- AI kan moeilike begrippe op 'n eenvoudige manier verduidelik.
- AI kan jou meer kreatief maak deur voorstelle te gee oor hoe om byvoorbeeld 'n taak te doen waaraan jy nie gedink het nie.
- Dit help kinders wat skaam is om vrae in die klas te vra.



NEE! Ek wil jou brein oorneem

- Dit is nie goed wanneer kinders AI blindelings vertrou of gebruik om werk te vermy en self te leer nie.
- As jy nie jou vraag goed formuleer nie, kry jy inligting wat niks beteken nie.
- AI kan soms 'hallusineer' en vir jou verkeerde antwoorde gee! As jy nie die kennis het om vrae oor sy feite te vra nie, sal jy net aanvaar dis reg.
- Wanneer kinders AI se antwoorde net so neerskryf, in plaas van om self te leer hoe om navorsing te doen en diep te dink, ontwikkel ons

nie die vaardighede om probleme self op te los nie.

- Dit onderdruk kreatiwiteit.
- Dis nie kindervriendelik nie en kan jou onvanpaste inligting gee.
- Vra eerder: 'Help my om fotosintese te verstaan', in plaas van: 'Skryf my taak oor fotosintese'.

Onthou...

AI gee nie om of jy iets leer uit jou geskiedenisstaak nie. Hy gee ook nie om as jou huiswerk verkeerd is nie. Maar AI kan baie waardevol wees as jy dit reg gebruik - nie om als vir jou te doen sodat jy aan die einde van jou skoolloopbaan breindood verklaar word nie.

Onthou, jy is die ridder op die binêre perd wat die AI-draak moet tem. Gryp hom, gebruik hom, maar onthou hy is net so betroubaar soos 'n sketchy pizzaplek se WiFi-sein.

(PS: Ons weet, AI = Kunsmatige Intelligensie, of KI, in Afrikaans.)


So leer ons in 2025...

1. Vra vir AI.
2. Kopieer die antwoord.
3. Vergeet alles.
4. Herhaal.



Deur Andreas Coetzee

ha ha ha



Die speletjies wat ons speel

Romé Pretorius

Hier is 'n lysie van so paar van Louwtjie-leerders se gunsteling-rekenaarspeletjies.

Waaroor gaan elke speletjie nou eintlik? Kan jy jou speel-ervaring beter maak op enige manier en is daar gevare?

Block Blast

Dié *offline game* wat almal op hulle fone het is Block Blast. Dit help as jy verveeld is, maar darem jou brein bietjie wil oefen. Jy plaas verskillende tipes blokkies in 'n 8x8 blok om volle rye te probeer kry.

Wenk: Sit jou foon op *Airplane mode*, dan hoef jy nie meer advertensies te kyk nie. Die enigste slegte ding daarvan, is dat jy dan nie kan *revive* na 'n advertensie nie.

1234 Player Games

Geen gevare, net vriendelike kompetisie en partykeer trane van blydschap of frustrasie. 1234 Player Games is 'n speletjie waar een tot vier mense saam kan speel op een foon. Daar is verskillende speletjies waarvan jy kan kies. Dit sê na elke rondte wie die wenner is. Jy kan ook *offline* speel.

Problem: Die foon lag partykeer as almal gelyk druk.

Roblox

'n App met verskillende speletjies soos "Grow a garden" en "Adopt me". Jy kan dit aanlyn met ander mense en vriende speel. Die speletjies is eenvoudig, soos om net die heelyd te loop ("Take a Walk"). Om party goed te kan doen moet jy Robux betaal.

Pasop! Mense kan jou *account hack* en dinge onder jou naam stuur wat jou in groot moeilikheid kan laat beland. Daar is ook *super dodgy* mense wat op hierdie speletjies rondhang en kinders wil seermaak.

(Redaksie-nota: Jammer om te preek, maar wêreldwyd begin slim mense aanbeveel dat kinders glad nie Roblox moet speel nie, want dis net te gevaarlik. Al hoe meer gesinne delete dit van hulle toestelle af, met goeie rede.)

Fortnite

Dis 'n *shooter-game* waar jy natuurlik mense probeer skiet. Dis aanlyn, so jy kan in spanne speel saam met jou vriende. Dit is aanvanklik 13+, maar daar is nuwe maniere waar ouers limiete kan stel wat dit bietjie veiliger maak.

Pasop! Dit is verslawend en gewelddadig. Daar is ook op hierdie platform goor mense wat kinders uitbuit, of jou persoonlike inligting in die hande wil kry.

Vakansie-flieks

Isabella Verwey

Hier is 'n lysie van lekker flieks wat jy kan kyk wanneer jy in die lang Desember-vakansie tyd het vir rondle.

The Parent Trap (1998)

'n Identiese tweeling wat nie van mekaar geweet het nie ontmoet by 'n kamp. Elkeen woon by 'n ander ouer. Hulle ruil identiteite en chaos volg soos hulle probeer om hul ouers by mekaar te bring. Almal van graad 1 en ouer sal hierdie geniet.



Cheaper by the Dozen (2003)

Dis 'n lekker familie-komedie. In hierdie gesin met 12 kinders is iemand altyd besig om of stout te wees of iets gevaarlik aan te vang. As jy hierdie flik so baie geniet soos wat ek glo jy sal, kan jy sommer dadelik die opvolgflik kyk!



Hoofmeisie (2011)

As jy wil sien hoekom dit 'n goeie idee is dat Louwtjies nie meer 'n hoofmeisie en hoofseun het nie, is hierdie die flik vir jou. Dis baie snaaks, en is in die pad af verfilm by L/S Jan Cilliers. Vir almal van so graad 4 af.



Lilo & Stitch (2025)



Die *live action* weergawe is stukke beter as die animasie. Dit gaan oor familie-waardes en die Hawaiiese konsep "Ohana". Dit beteken familie is belangrik en dat niemand agtergelaat moet word nie. Vir almal van jou ouma tot jou kleinboet.



Yes Day (2021)

Dit is elke kind se droom om 'n *yes day* te hê – want behalwe vir 'n paar voorwaardes is die enigste antwoord wat die ouers in die flik mag gee, "JA!". Alles van snaaks aantrek tot roomys vir ontbyt... die lys is lank! Kyk dit saam met jou ouers om hulle te oortuig dat julle ook so dag moet hê.









Kleur ons in!



Drukkies en gelukkige kinders maak onnies bly

Om die onderwysers by die skool beter te leer ken, het **Wehlia Ackroyd** en **Lize Gerber** vir so paar nuwe(rige) onnies en personeellede gevra wat hul gunstelingdeel van Louwtjies is en wat die snaaksste ding is wat al met hulle gebeur het op die skoolgrond.



Mnr. Dillan Van Wyk...

gee tegnologie, lewensvaardigheid en KDA. Vir mnr. Dillan is een van die snaaksste goed om te sien hoe vinnig die kinders na die veld en snoepie toe kan hardloop wanneer die klok vir pouse lui! Mnr. Dillan sê: "Die lekkerste deel van die skooljaar was die sportdae en uitstappies, omdat dit die hele skool saambring as 'n span."

Juf. Penny van den Berg...

gee Wiskunde vir die graad 7's en sy sê sy het die heel lekkerste werk in die wêreld. Vir haar was die beste deel van die jaar toe gr. 7/1 die minste huiswerk-inskrywings vir die kwartaal gekry het. As beloning, het sy vir hulle pizzas bestel en hulle het heerlik buite op die dek bo die snoepie geëet in hul Wiskunde-periode. Juf. Penny sê Wiskunde is haar passie: "Ek is verslaaf aan die 'aha-oomblik' wanneer my graad 7's iets snap. Dit is wonderlik om te sien hoe die leerders se selfvertroue in Wiskunde (en hulself) groei."

Tannie Cherice Marais...

is die skool se sport-koördineerder. Sy sê die snaaksste ding wat al met haar gebeur het by die skool, was toe sy iemand gebel het, maar heeltemal ingedagte was. Toe hulle antwoord het sy per ongeluk met haarself gepraat en dit het die persoon aan die ander kant baie omgekrap! "Die lekkerste deel van die jaar was die gr. 7-toer en al die sportbyeenkomste," sê sy.



Juf. Megan Diffenthal...

is by die graad R'e. Juf. Megan sê "Die heel snaaksste ding wat al met my gebeur het by die skool, was toe een van die gr.R kinders se boudjies gepyn het, en hy toe vir my gevra om gou te kyk!" Vir juf. Megan was die lekkerste deel van die jaar die interhuis-atletiek en die feit dat haar verloofde, mnr. Jaco de Kock, by die skool werk.

Juf. Mariska van Blerk...

hou skool vir die graad 1's. Sy sê haar gunsteling deel van die week is Vrydae. "Dan hoef ek nooit 'n koslik te bring nie, want die kinders sorg vir 'n tafel vol lekkernye. My lessenaar word volgepak met alles van vars toebroodjies en sappige vrugte tot klein bederfies soos koekies en sjokolade." Sy sê die klas doen dit op 'n liefdevolle manier en deel 'n spesiale band. Al die warm drukkies wat die kinders uitdeel, is nog 'n hoogtepunt van skoolhou - elke drukkies is soos 'n geskenkie."

Tannie Tanya Grobler...

is Louwtjies se vriendelike kantoortannie. Sy sê: "Die kinders is sonder twyfel die beste deel van om by Louwtjies te werk. So opreg, so onskuldig en elkeen uniek! Dis heeltdag briefies en drukkies en hallo-sê." Sy sê die snaaksste ding was toe 'n kind sy toon gestamp het, maar toe gesê het sy verhemelte pyn: "Hy sê toe hy weet nie waar sy verhemelte is nie, maar dis wat sy mamma altyd sê!"



Juf. Chantelle Liebenberg...

het vanjaar vir die heel eerste SKI-klas, gr. 4.1, skoolgehou. Om te sien hoe die kinders verander het, was haar gunsteling deel van die jaar: "Aan die begin was al die kinders baie gestres en nou is hulle baie ontspanne en kan hulself wees." Die feit dat die kinders in haar klas elke dag gelukkig skooltoe kom, en die goeie verhoudings wat sy met ander onderwysers gebou het, was van die lekkerste dele van die jaar.



Juf. Claudine Breedts...

hou skool vir die graad 5's. Sy sê: "Een van die snaaksste dinge wat al in die klas gebeur het, was toe 'n kind my per ongeluk 'mamma' genoem het. Vir 'n oomblik was die hele klas stil, en toe bars almal uit van die lag. Die arme kind was so skaam, maar party kinders het later vir my 'Dankie, Mamma' begin sê. Dit het gewys hoe veilig en tuis die kinders in die klas voel." Die lekkerste deel van Louwtjies is vir haar hoe nuwe leerders met oop arms verwelkom word: Dis een groot familie. Louwtjies is lekker!"



Die beste somersport-oefenwenke vir Desember

Die somervakansie is net die tyd om topfiks te raak met hierdie raad van Louwtjie-sportafrigters.

Atletiek: Die spier en die verspringkaan

Amelila Uys

Net soos in die bekende fabel van Esopus oor die mier en die sprinkaan, is dit belangrik om betyds te begin voorberei vir die atletiekseisoen.



Hier is **juf. Lauren van Breda** se wenke om jouself gereed te maak vir die atletiekseisoen:



Hou aan die beweeg in die vakansie! Gaan draf, ry fiets of speel somer buite! Hardloop saam met 'n maat, jou hond of selfs teen jou eie skaduwee.



Doelwit: Oefen drie keer per week, vir 20 tot 30 minute.

• Probeer dan:

- 5 *squats*
- 10 *lunges* per been
- 15 *push ups*
- 30 sekondes *plank*
- **Bonus:** Speel "wie kan die lankste plank hou" met jou gesin!



Strek en rek jou spiere na elke oefensessie soos 'n pro.

Fokus op jou bene, heupe en rug.

Jy kan musiek aansit en somer 'n mini afkoel-dansie doen!

Hierdie stappe sal dit somer baie maklik maak om "atletiek-huiswerk" baie pret te maak.



Rugby: Bou spiere en krag met die oefeninge

Anya Pretorius

Die Desembervakansie is 'n lekker tyd om te rus. Maar jy moet ook dink aan die rugbyseisoen wat vroeg in die nuwe skooljaar begin. As die ander ouens jou plattrek op die veld, wil jy mos nie spyt wees oor al die rondlê nie.

Hier's **mnr. JC Hulley** se raad vir om voor te berei vir die rugbyseisoen (gaan soek op YouTube videos wat jou wys hoe jy om dit reg te doen):

- Draf 3x per week 5km
- *Pushups*: 3 stelle van 20
- *Situps*: 3 stelle van 20
- *Squats*: 3 stelle van 40
- *Burpees*: 3 stelle van 20
- *Sprints*: 3 stelle van 20m/ 40m
- *Pullups*: 3 stelle van 2
- *Box jumps*: 3 stelle van 2
- Hanteringsoefeninge
- Yo-yo toets vir tyd.



Raak kreatief met *pushups* as jy uit die swembad klim, of strand-touchies.

Word netbalfiks teen die garagemuur

Juf. Esri Strauss het hierdie wenke om netbal-fiks te word tydens die vakansie:

- Verbeter jou fiksheid met *shuffle runs* oor 'n afstand van 25m. Verdeel die 25m elke 5m met iets soos 'n kegel (of waterbottel). Hardloop dan na die eerste kegel toe en terug, ensovoorts. Herhaal!

- Oefen elke dag jou balvaardighede deur bal te gooi teen 'n muur of saam met jou boetie.
- Spring baie tou. Doen een- en tweebeenspronge.



Rakette en lewenslesse

Louwtjies se tennissterre, Divan Serfontein en Emilia Prinsloo se tennisdrome is sommer baie groot, skryf Romé Pretorius.

Diwan oor sy diene

Diwan Serfontein het sy eerste tennisles op vier gehad en vandag droom hy nie net daarvan om eendag kollege-tennis in Amerika te speel nie, maar om Suid-Afrika te verteenwoordig en Wimbledon te wen.

Wat is jou sterkste hou?

"My dien en voorhand."

Het jy enige wedstryd-rituele?

"Nie eintlik voor 'n wedstryd nie, maar ek doen toertjies met my raket tydens wedstryde om gefokus te bly en vir die lekkerte. Voor 'n wedstryd bid ek."

Wat is die lekkerste deel van toernooie en spanwedstryde?

"By toernooie is dit lekker om teen goeie spelers te speel. Dis lekker om

saam met vriende vir die Gautengspan te speel en saam te reis."

Watter oorwinning sal jy altyd onthou?

"My eerste Tennis SA-toernooi oorwinning, drie jaar gelede vir 0/12."



Wat leer tennis jou oor die lewe?


"Dit leer my om nooit op te gee nie."

Waarop fokus jy tans in tennis?

"Om nie kwaad te raak nie en om min foute te maak."

Liedjie wat Diwan se speelsyël beskryf
Empire of the Sun se
Walking on a dream.

Gunsteling raket
Wilson Blade.



Watter professionele speler inspireer jou?

"Roger Federer en Carlos Alcaraz, twee van die beste spelers van alle tye."

Wat is die snaaksste ding wat al op die baan gebeur het?

"My opponent het sy raket op die grond gekap en dit gebreek. Daar was ook die keer toe ek my dubbelsmaat se boude raakgedien het."



Emilia oor baanlesse

Emilia Prinsloo is fiks, sy's vinnig en sy's mal oor tennis.

Wat is jou eerste tennisherinnering?

"Ek wat my ma smee om nie te gaan nie en dit op die ou einde geniet."

Grootste tennisdroom
'n Oefensessie
saam met Roger
Federer.

Gunsteling raket
Wilson Blade of
Wilson RF

Hoe

balanseer jy skoolwerk en tennis?

"Dit is nie altyd maklik nie, veral as mens in ag neem dat ek ander goed ook doen. Maar die druk help my om



makliker te leer en huiswerk vinniger te doen."

Het jy enige wedstrydrituele?

"Ek glo geloof is die enigste aanmoediging wat 'n mens nodig het, so ek lees 'n paar Bybelverse."

Watter oorwinning staan uit?

"My graad 5-kampioenskap finaal, toe ek 6-3, 2-0 agter was, maar toe wel gewen het."

Wat was jou moeilikste wedstryd?

"Dit was 'n Bethlehem-wedstryd toe die ander speler se ma die heeltyd ingemeng het."

Hoe hanteer jy dit as jy verloor?

"Goeie maniere."

Wat leer tennis jou?

"Jy leer deur uithou en aanhou."

Wat is jou sterkste hou?

"Diene en voorhande, maar ek hou my rughande naby..."

Wat is die snaaksste ding wat al op die baan gebeur het?

"Na 'n reënigerige wedstryd het ek met nuwe klere aan in 'n modderpoel geval."